

Quo Vadis

Waar gaan u heen?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 55

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die Boek

Die BOEK is seker ook in u besit. Soms lê die Boek in die slaapkamer of in die eetkamer. Heel dikwels is daar 'n spesiale rakkie waar dit altyd gevind kan word. In sommige huise lê dit weggesteek agter slot en grendel. Vir baie besondere geleenthede word dit daar uitgehaal. In baie huise is die Bybel 'n geslote boek. In baie gevalle word uit die Boek by uitsonderlike geleenthede gelees.

In ander huise is daar twee of drie Bybels, veral waar daar 'n klompie kinders is. Gewoonlik het elke kind sy of haar eie Boek. Daar is ook die huisgesinne wat gereeld, daaglik daaruit lees. Ons vind ook hulle wat die Boek bestudeer. Ek praat nou nie van die teoloë en andere wat dit wel moet doen nie, maar van diegene wat dit doen uit liefde en belangstelling.

Dis anders

Het u al daaraan gedink dat die Boek anders is as alle ander boeke? Ons vind baie soorte boeke, maar die Bybel is anders as hulle almal. Hoe meer mens daarin lees, hoe interessanter word dit. Die Bybeltaal is hartetaal... die woorde lewe. Kom ons luister na die volgende:

Heer, U is my deel op aarde en u woord is my die skat wat U aan my toevertrou het op die lange pelgrimspad.

Heer, u woord is onbeweeglik en u waarheid het geen einde nie.

Heer, u woord is my 'n fakkel wat sy ligglans voor my dra, voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja.

Stel u woord my tot 'n steunsel, dat 'k kan lewe en nie loop tot my eie spot en skande, na 'n ongewisse hoop.

As ek wandel in benoudheid en in diepe angs geraak, is u woord die een en *alles waar my hart hom in vermaak.*

Diep nog in die stille nagte, as ek niemand wakker hoor, bring ek my u woord te binne en bepeins dit oor en oor. (Aangehaal uit Ps. 119 - berym)

Sien u die waardering van die gelowige digter en sanger vir die Woord van God?

Dis geopenbaarde waarheid

Hierdie Boek is anders, omdat dit aan ons sake bekend maak wat die gewone menslike verstand nie kan naspur of deurdink nie. Die Bybel bevat gegewens wat nêrens anders gevind word nie. Dit is goddelik van oorsprong! Dit is wel deur mense geskryf, maar hulle het geskryf onder inspirasie van die Gees.

In hierdie Boek word God se wil aan ons bekend gemaak. Dit is daarom geen geskiedenisboek nie, al het ons daarin wel geskiedenis. Dit is ook geen wetenskaplike handboek nie, al word belangrike beginsels van die wetenskap daarin weergegee. Die Bybel is ook nie bedoel as 'n boek van literêre skoonheid nie... al het ons daarin van die skoonste prosa en poësie.

Die Bybel is openbaringsboek. Ons leer daarin God ken. Ons leer daarin ook die mens ken wat na God se beeld geskape is. Ons leer in die Bybel die werklikheid agter die werklikheid ken.

In die Boek leer ons van die mag van die satan en die sonde. Ons leer die agtergrond van alle ellende ken. Ons word hier ook in aanraking gebring met die feit van die verganklikheid van die geskape dinge. Die mag van die dood word duidelik geskilder.

Hier hoef die menslike verstand nie te worstel met die raaisels van die lewe nie. Dit antwoord word gegee! As die menslike kennis in die dool-hof van eie kortsigtige denke versand raak... maak die Boek 'n deur oop wat lig laat inkom tot in die donkerste hoeke van ons sielelewe.

Dis onmisbaar, want...

Vir die bedroefdes is hier troos... blywende troos.

Vir die verwaande is hier insig... waarin eie dwaasheid geken word.

Vir die beangste is hier kennis... wat alle vrees verdryf.

Vir die dwase... is hier insig.

Vir die wat wys in eie oë is... is hier vermaning om die ware wysheid te soek.

Vir die ellendiges... is hier hoop.

Vir u en vir my... is hier raad, troos, lig en wysheid.

In die Boek leer ons **Hom** ken wat vir ons kon sê: "Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe." In die Bybel staan die heerlike Naam: Jesus Christus. Wat beteken die Naam vir u? U antwoord hierop sal bepaal of u die saligheid of die ewige verdoemenis tegemoetgaan, want die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon en die Vleesgeworde Woord ken ons uit die Skrifgeworde Woord.

Daarom is dit vir ons 'n Woord van die lewe tot die lewe, of die Woord van die dood tot die dood.

L. Buys

My vergete beloftes

"Wie weet, dalk kan ander leer uit my mislukkings, vernederinge, teleurstellinge uit my vreugde, geluk en oorwinnings." So het hy sy verhaal begin terwyl die motor met ons twee voortsnel oor die teerpad. "Ek het streng Christelik opgegroeï en my ouers was welaf genoeg om my universiteit toe te stuur. Daar het ek egter geleidelik van die kerk begin vervreem, hoewel ek nog lidmaat gebly het. Ek het die ouderling vermy, maar eendag het hy my in my kamer kom opsoek en baie ernstig met my gepraat oor my swak kerkbesoek en onverskillige lewenshouding.

Argief

"Gedurende hierdie gesprek het die ouderling my gewys op my belofte wat ek voor die aangesig van die Here afgelê het — dat ek ywerig Woord en Sakramente vir myself sal soek. Het ek hierdie beloftes dan vergeet of verag? Glimlaggend het ek hom toe vertel dat die kerk in ons moderne tyd 'n ou argiefstuk is — wat buite die praktyk van die lewe staan.

Af en toe

"Na voltooiing van my studie is ek met 'n ryk sakeman se dogter getroud. Net soos al ons vriende, was ons ook van die vooraanstaandes in ons dorp. Ons het gereeld saamgekom vir brugpartytjies, drankies en gesellige kuier. Gaandeweg het 'n onuitgesproke kompetisie onder ons begin. Ek het 'n tennisbaan en swembad laat bou. Net met spesiale geleenthede het ons so af en toe die kerk besoek. Ons seun en twee dogters het nie katkisasie toe gegaan nie. Hul program was te vol.

Advies nie nodig

"Hoe goed onthou ek die ernstige gesprek wat die dominee en ouderling die aand met ons gevoer het oor ons doopbeloftes... tot ek opgespring en hulle sarkasties toegesnou het dat ek baas in my huis is en dat hul advies ongevraagd is!"

"Ons rojale lewenswyse het begin hand-uit-ruk. Rekenings het daaglik ingestroom. Rusies, verwyte en wrywing het ons huislike lewe al hoe meer begin vergal. Die mense het begin praat. Huisvriende het begin wegbly."

"Die skuldeisers het begin druk en ek het beloftes gemaak. Beloftes wat ek nie kon uitvoer nie. Ek het begin lieg en bedrieg. Ek het dinge vir ons ouers probeer stilhou, maar dit het al hoe meer uitgelek — die afdraande pad waarop ons was."

Die hele sak patats

"Ná 'n brief, wat die dominee van my vader gekry het, het hy ons een aand kom besoek. Dinge het breekpunt bereik. My vrou het bitterlik aan die huil gegaan; die kommer en nagte van wakkerlê was vir haar te veel."

"Dominee, ek kan liever sterf, so kan ek dit nie langer verduur nie."

"Die walle het gebreek en ek het met die hele sak patats vorendag gekom: van die skuldeisers wat ek belieg en mislei het, van my beloftes wat niks werd is nie, van die diepe veragting wat ek vir myself het, van my huigespel — van my vergete beloftes aan God en mens wat my nou ingehaal het."

"Diep uit my hart het ek gevra: Dominee, u moet ons help. Ons moet net eenvoudig 'n nuwe begin maak."

Daardie Saterdagmôre

"Daardie Saterdagmôre in die pastorie het ek 'n nuwe begin gemaak. My vader en my skoonvader was ook albei daar. Skaamte en vernedering het my binneste gevul. Hulle het gepraat van die erns van 'n mens se beloftes aan God en jou medemense. Ek het gedink aan my hoogmoed en weelde en valse lewenswaardes — en my diepe val — my geestelike bankrotskap. Skielik was ek jaloers op my behoeftige wyksouderling met sy eelterige hande. Hy kon almal in die oë kyk, maar ek... ?

Nie argief nie, maar moeder!

"Die bankbestuurder het 'n bietjie later daardie môre ook by die pastorie opgedaag en daar is reëlins getref vir die maandelikse paaielemente wat ek sou terugbetaal — na my vermoë.

"Ek kan u verseker — daar was werklik 'n omkering in my lewe. Langs die weg van vernedering het God my gelei om my te red. My oë het oopgegaan. Die besef het my getref: die kerk van God is geen argiefstuk nie. Dit is inderdaad 'n geestelike moeder — een wat ek voortaan altyd wil liefhê. "

G. H. Buys

SAKDOEK-GODSDIENS

Die kerk in die wagtyd!

Tussen Pinkster en Wederkoms — die kerk van Christus is in die wagtyd — dit wag op die wederkoms van Jesus Christus.

In hierdie tussentyd is die kerk nie aan homself oorgelaat nie. In hierdie wagtyd is die Koning van die kerk nie afwesig nie. Al het Hy na die hemel op-gevaar, is Hy **nog teenwoordig**. As 'n koning op reis gaan is hy nog "teenwoordig" by sy onderdane en wel deur middel van sy koninklike bevele. Al is hy liggaamlik afwesig — daar moet nog deeglik met hom rekening gehou word. Sy koninklike Woord is nog altyd van krag!

In hierdie wagtyd is die Koning Jesus Christus op aarde **teenwoordig met sy koninklike Woord** en die mens ontvang hierdie Woord om daarmee besig te bly. Dit het 'n duidelike opdrag: werk daarmee totdat die Koning weer kom.

Ek het dus **bedryfskapitaal** ontvang waarmee ek moet handeldryf en wins genereer soos die diensknegte in die gelykenis goue muntstukke ontvang het: die een 10, die ander 5 die ander een 1 en daarmee moes handel dryf totdat die Koning terugkom. (Lukas 19:11-28).

Dis my handelsgeld, maar nie om krampagtig daaraan vas te hou nie. Ek mag nie wat Christus my gegee het in 'n brandkas toesluit nie. Ek moet daarmee uitgaan na die volle lewe.

Langs my pad

'n Hele leër van mense gaan by my verby in die loop van my lewe. Hulle is almal 'n **opdrag** vir my. Ons is nie soos **nagtoeriste** wat by mekaar verbysnel, sonder om ag te gee by wie ek verbygaan nie. Ons is mense met 'n opdrag: dryf handel — bly besig met die ander!

'n **Hele leër van mense**: die siek buurman; die drankverslaafde; die woeste, ongedissiplineerde man of vrou saam met my op kantoor of in die werkswinkel; die deurmekaar jong manne met hul smerige "fans" wat heeldag net rondhang; daardie meisie met haar lus na plesier; daardie swarmoedige wat twyfel oor die bestaan van alles wat nie met die verstand bewys en uitgeredeneer kan word nie; daardie kleingelowige wat net nie kan glo dat Jesus Christus ook vir hom/haar gesterf het nie; daardie geruïneerde huisgesin weens die onverantwoordelike optrede van 'n vader of moeder.

Voel die **swaar goue muntstuk** wat die Here ons gegee het om mee handel te dryf! Dit waarmee Hy ons toevertrou het, moet ons mee besig bly, want Hy sal rekenskap eis. Dis gewis en seker! Hoe ek dus in die wagtyd **handel** met die koninklike opdrag, sal my uiteinde op beslissende wyse bepaal.

'n Veilige man

U onthou miskien nog van die derde man van wie Christus in die gelykenis vertel het. Hy het een goue muntstuk ontvang om mee te woeker. Hy het ook geweet dis wagtyd... werktyd, maar hy is 'n veilige man. Daarom bêre hy sy goue muntstuk liever sorgvuldig. Niemand moet dit bykom nie.

In 'n gesprek met hom in vandag se tyd, antwoord hy so: "Ja, God bestaan wel en sonder godsdiens en die kerk kan dit ook nie. Die kerke moet maar Sondae oopmaak — al gaan ek nou nie. Predikante moet maar teen die sonde wees. Persoonlik kan ek my natuurlik nie ophou met al die dinge nie. Ek hou ten minste darem aan die Christelike tradisie vas om in die kerk te trou en my kinders katkisasie toe te stuur."

So wikkel hy sy godsdiens in 'n sakdoek toe. Daarin is dit **doodveilig**. Dis egter **meer dood**

as veilig! Hierdie "veilige man" praat ook nooit met ander as hy verskil van hulle godsdiensbeskouing nie — dis te onveilig. Veilig laat hy sy godsdiens lê... doodstil.

Ons noem dit sakdoek-godsdiens... halfslagtige godsdiens... swakkeling-godsdiens... so 'n lou besigheid van naam-Christene!

Eendag kom die afrekening

Mag ons daarom u aanspreek: dien God van harte! Laat sy **Woord u dagbevel** en **marsbevel** wees deur hierdie lewe. Moenie sy Woord toewikkel in 'n sakdoek nie. Kyk, die wagtyd is beveltyd. Bly dan verantwoordelik **besig** in gehoorsaamheid aan die koninklike Woord. **Bly besig** met die **toevertroude kapitaal**.

Die wagtyd is geen ledige tyd nie. Dis gelaai met heilige opdragte. Ons sit nie soos **wagkamersitters** en wag nie.

Luister mens in die wagtyd... Jesus kom weer! Hy sal die wagtyd afsluit met sy wederkoms. Bly besig tot dan, sodat jy kan rekenskap gee.

W. Bingle

Ek kry swaarder as ander mense

Dit gaan so sleg

Ek sit nou al 'n uur hier — in hierdie mooi, moderne huis met sy muur-tot-muur matte. Kort-kort hoor ek die yskas aanklik en weer afklik. Toe ek geklop het, het die radio oorverdowend gebrul — seker die nuutste op die mark en daar bo teen die mure is nog twee luidsprekers in pragtige kaste.

'n Blink, groot motor het so pas die hek binnegekome nadat ek geklop het — glo die jongmense wat van een of ander sportbyeenkoms af gekom het — pragtige kinders, gesond, welgeskape en vol energie.

Nou sit ek al 'n uur hier en gesels. Ag, het hierdie mense nie swaar nie !

Kry 'n klein salarissie, sê hy. Moet maar mooi werk om die pot aan die kook te hou. Kan nie eintlik aandag aan die huis gee nie. Kyk net hoe oud en vuil lyk dit en daar is siektes en siektes en die dokters is so duur. Die regering kan gerus 'n plan maak, maar dié soek ook net stemme. Hy noem verkoues, griep, operasies, hospitaal — ellende op ellende!

Met die skool sukkel die kinders ook maar. Onderwysers wat nie meer weet om kinders te leer nie. By die werk gaan dit ook maar ellendig. Die baas en die hoofklerk gee 'n mens grys hare. Kan nie insien hoe 'n mens sukkel om kop bo water te hou nie en dan moet jy net waag om iets nie presies so te doen soos hulle beveel nie. Werk tot oor jou ore en moet oortyd werk. Die vergoeding daarvoor is ook nie wonderlik nie.

Was toe verlede maand by die see. Daar het alles blykbaar verkeerd geloop. Slegte weer, duur hotelle, swak kos. Kon maar liever by die huis gebly het. Ag, maar het dié mense nie swaar nie!

Ek wonder of daar iemand is wat swaarder het as ek? Ek is seker ek het swaarder as al die ander mense. Kyk nou maar net na my bure.

Nou gaan hulle ook nie meer kerk toe nie. Die swaar het hulle nou sover. Nee, hulle weet ook nie meer of God nog regverdig is nie. Is daar nog 'n God? Is alles nie maar noodlot en toeval en die beloop van die lewe nie?

Kan dit wees?

Swaarder as ander mense

— 'n groot blink motor!

— 'n reuse yskas!

— pragtige, welgeskape kinders!

— 'n brullende radiogram!

— 'n luukse huis vol geriewe!

Lees hier!

Ek haal my Sakbybel uit. Ek lees van die tien melaatses. Mense wat uitgestoot is uit die samelewing vanweë die onheilspellende sere aan die liggaam. Buitekant die stad en die samelewing moet hulle maar lewe — geen huis nie. Hulle moet maar in grotte skuiling soek.

Toe het Jesus daar verbygekome. Hy het hulle gereinig van die melaatsheid. Hulle spoed voort na die priester. Een gaan staan. Hy draai om. Hy val voor die voete van Jesus neer. Hy is gesond.

Hy dank sy Verlosser en die ander nege... nie dankbaar nie.

Swaarder as ander mense? Sien u waar kom die swaar vandaan? Swaar met jousef! Jou swaar is jou eie skuld!

Ek lees ook: "En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees dankbaar." (Kol. 3:15).

"Maar die godsaligheid saam met vergenoegdheid is 'n groot wins... maar as ons voedsel en klere het, moet ons daarmee vergenoeg wees." (1 Tim. 6:6, 8).

Swaarder as ander mense? Ja, ek stem saam. U het swaar met uself — met daardie ondankbare hart. Kyk weg van u af. Kyk rondom u. Kyk op en dank God in Christus deur wie u al hierdie dinge ontvang. Bely jou ondankbaarheid. Laat Christus ook die vrede van God in jou hart uitstort.

Ek sit nou al meer as 'n uur in hierdie huis — in wie se huis — U huis?

A. J. Coetzee

Ons kind is nog nie gedoop nie

Ja, jy's reg! Die doop kan jou kind nie salig maak nie. Dis ook waar dat alleen die **bloed van Christus** en nie die **water van die doop** salig maak en nou wil jy nie die bloed van Christus bespotlik voorstel met water nie.

Dit lyk my jy dink na oor hierdie heilige saak. Dis goed dat ons hieroor praat. Dit hinder my dat mense vandag somer so gedagtelooos kind doop.

Dit hinder my ook dat mense vandag 'n kind laat doop om dit agter die rug te kry, darem daarmee in tel te wees by die kerk en 'n dop van Christelikheid te dra; dat hulle skaamteloos van hulle sitplek opstaan, voor die kansel en die gemeente gaan staan en **lieg** op die vrae wat gevra word. Hulle sê met hulle **mond ja, maar** met hulle **hart nee**. "Die Here sien die hart aan." (1 Samuel 16:7).

Nou hinder dit my ook dat hierdie redenasie van jou jou so ver gebring het dat jou kind nou nog nie gedoop is nie. Hy tel nou al jare. Dit hinder my dat selfs kerke en godsdienste jou sê dat jy volkome reg is. Jy hoor van grootdoop en kleindoop en onderdompeling en besprinkeling. Tussen dit alles deur moet jy nou koers kry en nou kry jy nie koers nie.

Ek hoop ons gesprek krap jou kwaal oop, want jy ly beslis aan 'n kwaal. Jy sê water is maar net water en wat het daardie kraanwater nou eintlik te doen met die bloed van Jesus wat ons reinig?

Ek antwoord: jy moet net bietjie verder dink as die kraanwater. Die water moet jou laat beseef dat water skoon was. As jou kind vuil is, was jy hom skoon met water. Onthou, hy is ook vuil voor die Here. Hy het sonde, want in ongeregtigheid is hy gebore (Ps. 51 : 7). Van hierdie vuilheid moet hy ook gereinig word. Soos die water die liggaam was, so was die bloed van Christus die vuilheid van die sonde af. Dit is wat die water aan jou sê by die doop. Dit wys na die bloed van Christus en die bloed van Christus reinig ons van alle sonde.

Die doop is soos 'n tjek. Die tjek is nie die geld self nie. Die tjek is net die **bewys** dat die geld ontvang is, of ontvang kan word. Die tjek **verseker** jou van die geld. Niemand het beswaar teen 'n tjek nie. 'n Tjek vir jou kind sal jy graag neem, maar die tjek, die bewys van die afwassing van sondes, die weier jy om te neem! Jy weier 'n ewige rykdom vir jou kind!

Nou nog daardie ander sweer: my kind moet eers groot wees. Dit lyk vir jou of die grootdoop reg is. Markus 16:16 sê mos ook: "Hy wat **glo** en hom **laat doop**, sal gered word." Kind moet dus eers glo en dus eers groot wees, maar kind se ouers is mos nie heidene nie! Jesus sê: "eers glo, dan doop" ten opsigte van die heidene. Vandag nog geld dit van die heidene: eers glo, dan doop.

Jou kind is 'n **verbondskind** van die Here. Toe die Here die verbond gesluit het met Abraham, het hy gesê: "Ek sal my verbond oprig tussen My en jou **en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond**, om **vir jou** 'n God te wees **en vir jou nageslag ná jou**." Dit staan in Genesis 17:7. Die teken van hierdie verbond was in die Ou Testamentiese tyd die besnydenis en vandag, in die Nuwe Testamentiese tyd, is die teken die doop. Kolossense 2:11 en 12 sê dat die doop gekom het in die plek van die besnydenis.

Ek weet mense maak hiervan ook hulle eie uitleg, maar as jy sê grootdoop, antwoord dan die volgende: het jou kind dan nie Christus nodig nie? Hoe oud moet jou kind presies wees, as hy Christus nodig kry?

Kyk, nie net grootmense het Christus nodig nie. Ons sonde het ons van geboorte af en daarom dat ons ook die versekering van genadige afwassing van **dán** af wil hê **en kan kry**.

Buitendien — jou kind sal niks kan aandra vir sy saligheid as hy eers groter is nie.

Dan nog die water, en hoeveel water. Ek stem saam dat onderdompeling **treffender** is, maar dis nie **meer** wesenlik nie. Die **wese** van die Doop lê nie in die **hoeveelheid** en **soort** water nie. Die wese is Christus. As jy die **wese** in die hoeveelheid water wil sien, dan sê jy: Christus het **halwe werk** gedoen en die water moet verder was. Jy sê dus: Jesus Christus **plus baie** water en **onder** die water maak salig. Ek sê: Jesus Christus **alleen**.

Kyk, jou kind is gebore om eenmaal te sterwe. Kragtens sy geboorte is hy opgeskryf vir die dood. Die **dood** kan hy nie ontvlug nie. Ook hy sal eenmaal gegryp word — wanneer weet ek nie — deur die yskoue hand van die dood.

Nou wil jy die versekering hê dat hy ewig sal lewe en die versekering laat die Woord van God jou **hoor** en die doop in Christus jou **sien**.

Moenie speel met jou kind se sieleheil nie!.

P. W. Bingle